

**11 MAART**

**SKRIFGEDEELTE: 2 SAMUEL 15:13-37  
FOKUSGEDEELTE: 2 SAMUEL 15:25, 26**

**Laat u wil geskied**

Om God se wil te aanvaar, kan baie, baie moeilik wees. Hoe aanvaar 'n egpaar kinderloosheid, of 'n sakeman finansiële ondergang, of 'n familie die dood van 'n lewenslustige, gesonde kind?

Wat was God se wil met koning Dawid? Moes hy in Jerusalem bly en sy seun die stryd aansê, of moes hy vlug en afstand doen van die troon wat God self aan hom gegee het? Moes hy naby die ark en God se teenwoordigheid bly, of moes hy padgee?

Ons wil gewoonlik die bekende en maklike pad loop. Ons hou daarvan om te presteer en aansien en sukses te behaal. Wanneer dit lyk of God se wil anders is as ons s'n, kan dit worsteling, opstand en stryd veroorsaak. Solank as wat ons worstel en stry, is ons gemoedere onstuimig en het ons nie vrede met onself, met die mense om ons en ook nie met God nie.

Ons Here Jesus het mens geword om vrede te bring. Daarom leer Hy ons om te bid: "Laat U wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde." Dit is 'n bede dat God in ons lewens sal ingryp sodat ons sal prysgee wat ons nou so graag wil hê. Dit is 'n bede dat ons wil dieselfde word as God se wil. Alleen dan kan 'n onstuimige gemoed rustig raak. Waar God se wil geskied, kan mens 'n donker, onseker toekoms ingaan in die wete dat jy aan God gehoorsaam is en dat jou lewe in sy hande veilig is.

*Sing: Skrifberyming 28-1:1, 2/10-1:1, 2*

*Dr Edmund de Beer (Laeveld)*